# SPOKE



**INLEIDING**

Jy is so WIT, dit lyk of jy 'n spook gesien het!

Ons kyk na die wêreld en na die Woord van God se siening oor spoke.

Spookstories is baie gewild, want dit is so lekker om iemand bang te maak. Ons kyk na die hoekoms en waaroms van spoke. Is daar so iets soos spoke? wat is 'n spook, waar kom hulle vandaan? Moet ons wegbly daarvan of kan ons spookstories vertel of selfs in spoke glo?

Die Bybel is baie duidelik, en ek hoop hierdie opsomming sal jou baie mooi duidelikheid gee om 'n ingeligte besluit te neem.

## WAT IS DIE WÊRELD SE SIENING OOR SPOKE?

**WAT IS 'N SPOOK?**

Spook is 'n woord wat baie vrees bring vir die spookgelowiges, maar vir die wat nie in spoke glo nie is daar geen vrees in nie.

Meer as die helfte van die mense glo in spoke, geeste en negatiewe energie. Party sê dit is hulle verbeelding, ander sê dit is dooie geeste wie se siele nie tot ruste kan kom nie.

'n Spook is die bestaan van enigiemand wat nie meer bestaan nie of 'n nie-lewende, siel of gees van enige dooie persoon, dier, voëls of enige iemand wat ooit aan die aarde behoort het. Dus is die siel of geeste skeibaar van 'n liggaam nadat die liggaam gesterf het en die spook probeer, na sy liggaam se dood, sy bestaan te handhaaf in die lewende wêreld.

Sommige mense se spoke is die truuk van die onderbewussyn wat gewoonlik tydens hul slaap gebeur en ervaar dan paranormale aktiwiteit gedurende die nag of selfs wanneer hulle heeltemal wakker is.

**WAT SÊ DIE ENSIKLOPEDIE WAT IS 'N SPOOK?**

'n Spook is die siel of gees van 'n dooie persoon of dier wat aan die lewendes kan verskyn. Ander mense glo weer dat spoke baie van 'n onsigbare teenwoordigheid tot deurskynende of skaars sigbare vorms, tot realistiese, lewensgetroue vorms.

**BESTAAN SPOKE?**

Spookjagters "*Ghostbusters*" hou daarvan om te glo dat spoke bestaan, maar wetenskap en logika is die ware spookbrekers.

'n Spook, siel of spook van 'n dooie persoon, woon gewoonlik in die onderwêreld en is in staat om in een of ander vorm na die wêreld van die lewendes terug te keer. Volgens beskrywings of uitbeeldings wat deur spookgelowiges verskaf word, kan 'n spook verskyn as 'n lewende wese of as 'n newelagtige vergelyking van die afgestorwene of selfs, soms in ander vorme. Geloof in spoke is gebaseer op die antieke idee dat 'n menslike gees van die liggaam skeibaar is en sy bestaan kan handhaaf na die liggaam se dood.

In baie samelewings word geglo dat begrafnisrituele verhoed dat die spook by die lewendes spook.

**WAARUIT BESTAAN ‘N SPOOK?**

Nog niemand kon sê nie.

Baie groot godsdienste erken die bestaan van die bonatuurlike, hetsy in die vorm van geeste, demone, engele of ander entiteite. Baie godsdienste leer dat die meeste van hierdie wesens kwaad is, wat mense in staat stel om mense te versoek of te benadeel. Net so word engele en ander wesens as welwillend en nuttig beskou.

Sommige mense glo dat spoke, geeste van dooies is, wat vir een of ander rede die pad na die ander wêreld verloor het en daarom bly hulle op die aarde rondloop.

Daarbenewens het die idee van spoke tot baie teenstrydigheid gelei. Kan hulle deur soliede voorwerpe beweeg sonder om hulle te vernietig? Is hulle in staat om ‘n deur oop en toe te maak en kan hulle dinge in die kamer rondgooi? Volgens die logika en die wette van fisika weerspreek dit mekaar.

As spoke mense-siele is, hoekom verskyn hulle geklee in 'n sogenaamde lewelose voorwerpe soos hoede, kieries en rokke? Wat is spooktreine, spookmotors of spookskepe? Net om ‘n paar te noem.

As spoke die geeste van mense is wat vermoor is, hoekom is daar nog steeds baie onopgeloste moorde, want dit word aanvaar dat hierdie geeste kan kommunikeer met die mens, wat beteken dat hulle genoeg tyd gehad het om aan die Polisie die spoor van die moordenaars te stuur. Hierdie onbeantwoorde vrae is baie, en hulle almal laat ons aan die bestaan van spoke twyfel.

**WAT GEBEUR MET DIE LIGGAAM NA AFSTERWE**

‘n Spook kan nie in die afgestorwe liggaam spook nie, want dit is fisies onmoontlik. Sien wat gebeur met die liggaam na afsterwe.

Binne 24-72 uur nadat 'n persoon sterf, ontbind die organe en die komplekse molekules in die liggaam verander mettertyd en word in eenvoudige organiese materiaal afgebreek. Na 1 maand van dood begin die liggaam vloeiblaar word en word opgeneem in die omgewing waar hy is.

**SPOKE STAAN BEKEND AS:**

- Donker gees
- Demone
- Bekende geeste
- Skaduwee
- Donker energie
- Skaduwees
- Bhoot
- Heks
- Duiwel
- Voorvaders
- Aliens
- Zombies
- Halloween
- Hekse
- Vampiere
- Harry Potter
- Boodskappers – die mees algemeenste
- Poltergeists spoke wat gevrees word
- Negatiewe energie, ens.

**VREES VIR SPOKE**

Fasmofobie *(Phasmophobia)* is 'n intense vrees vir spoke. Vir mense met 'n spookfobie kan die blote vermelding van bonatuurlike dinge soos spoke, hekse, vampiere, genoeg wees om die irrasionele vrees op te wek. Ander kere kan 'n fliek of TV-program verantwoordelik wees.

**HOE OM ‘N SPOOK TE SIEN**

Meestal moet jy gelukkig wees om op die regte tyd te wees wanneer die spook kies om te verskyn want jy weet nooit wanneer 'n spook gaan verskyn nie. En hoewel dit nie baie gereeld gebeur nie, sal jy gereed wees? Sal jy bang wees? Wat sal jou reaksie wees as jy 'n spook sien? Hier is 8 dinge om te doen as jy 'n spook sien:

1. Moenie beheer verloor nie
2. Probeer kommunikeer
3. Neem baie fotos
4. Neem video
5. Bel iemand

Weereens is daar geen gewaarborgde metode om 'n spook te sien nie, selfs wanneer hulle aktief gesoek word. Trouens, die meeste van die beste spookwaarnemings het plaasgevind toe hulle dit nie verwag nie. 'n Afgestorwe geliefde, wat pas oorlede was, wou afskeid neem en het as ‘n spook verskyn in 'n huis waarvan die eienaar nie eens geweet het nie.

**SPOOKSTORIES EN SPOOKPLEKKE IN SUID AFRIKA**

- Die grusame verhaal van Jan Prinsloo se Kloof
- De Vliëende Hollander
- Die Kasteel de Goede Hoop
- Die Spook van Uniondale
- Tokai Herehuis
- Die heks van Hexrivier
- Verlange by die Dullstroom Inn

**INTERESSANTE FEITE OOR SPOKE**

- New Orleans is die mees spookagtige stad in Amerika.
- Abraham Lincoln se spook by die Withuis.
- Daar is spooktoere in New Orleans en Washington D.C.
- Halloween se oorsprong was van 'n gebruik in Ierland waar mense geglo het dat die geeste van die dooies op 'n sekere nag die aarde bewandel het.
- Koningin Elizabeth se Windsor Kasteel in Engeland is, is die mees spookagtige kasteel in die wêreld.
- Spookjagters is mense wat ingaan en mense se huise nagaan vir spoke.
- Die Romeine het spoke as die rustelose siele van oorledenes beskou. Spoke het veral snags by die begraafplase van hulle sterflike oorskotte verskyn. Dikwels het die spoke van vermoordes hulle moordenaars gepla. Die spook van sy vermoorde broer het gereeld aan keiser Caracalla verskyn, en keiser Nero is deur die spook van sy moeder Agrippina gepla. Ná sy dood het Nero self 'n spook geword, net soos Caligula, wat verskyn het totdat sy susters sy liggaam verbrand het.
- George Tyrrell het spoke in kategorieë geplaas: Eksperimentele spoke, Spoke, Nadoodse spoke, Egte spoke, Astraalgeeste en Klopgeeste.

**HOEKOM IS SPOOKSTORIES SO GEWILD**

Vir sommige mense is spookstories 'n reis na 'n ander plek, en hulle laat hulle toe om die verborge demone en monsters in hulle eie verbeelding uit te dryf, om hulle uit te spreek, en miskien om vrese te oorkom. Spookstories gee hulle perspektief. Spookstories laat ons toe om van die alledaagse te ontsnap.

Mense soek ontvlugting om beter te voel en luister dan na spookstories. Dit laat hulle sterk emosies voel soos woede, haat, vrees, liefde, verrassing, terreur, afstoting en empatie. Dit is skrikwekkende stories en al hierdie emosies en meer word vasgevang tussen die bladsye, en wag net vir 'n onskuldige leser om saam te kom en hulle vry te laat. Voordat hulle dit weet, ervaar hulle dieselfde emosies.

Gruwel is vir baie mense aangenaam, want hulle leer hoe dit voel om werklik bang te wees en dan om negatiewe emosies te hanteer en hanteringstrategieë te ontwikkel.

Wanneer Halloween-tyd nader word die TV oorstroom met skrikwekkende fliekmaratons en teaters word oorval met opwindingsoekers wat nie kan wag om die nuutste skrikwekkende rolprente te gaan kyk nie. Sommige mense het 'n hoë verdraagsaamheid teenoor angs en vrees as ander.

**IS SPOOKSTORIES GOED VIR KINDERS?** *Tradisionele literatuur – Wikipedia en slegs ter inligting*

**Kinders moet kan fantaseer**

In die storie word die werklikheid omskep met behulp van verbeelding of fantasie. Binne die storie word wesens geskep wat nog nooit bestaan het nie, gebeurtenisse wat nie kan gebeur nie, met kreature wat die storie self vir die eerste keer laat leef.

Die skeidslyn tussen werklikheid en fantasie is baie dun. Die mens is 'n wese met geestelike vermoëns en daarom is sy verbeeldingswêreld 'n werklikheid. Dit vorm 'n wesenlike deel van sy lewe waarsonder hy nie ten volle mens kan wees nie. Dit is belangrik om te onthou dat albei werklikhede is. Vir die kind is daar dikwels 'n vaer onderskeid tussen die twee werklikhede as wat daar vir volwassenes is.

In die fantasieverhaal gaan dit oor oorspronklikheid en om die verbeeldingswêreld te stimuleer soos towery en word deur die positiewe in staat gestel om te oorwin, of die goeie karakter moet daarteen veg om die uiteindelike die wenner te wees..

Om towerkrag in werking te stel moet sekere woorde of 'n rympie byvoorbeeld presies nagesê of gesing word. By die aanhoor van die sprokie word alle klemmende aardse bande en bekommernisse vergeet.

Kinders het ‘n behoefte om te fantaseer en stories kan hulle totaal laat wegbeweeg na 'n vreemde wêreld. Danksy fantasieë ontwikkel die kind se brein, wat verantwoordelik is vir kreatiwiteit. As dit nie gebeur nie, word die kind beperk om iets nuuts te kan skep. As die kind in sy kinderjare nie gefantiseer het nie, kan hy nie verder gaan as wat hy weet, of waaraan hy gewoond is nie. Daarom is fantasie so nodig vir kinders.

**Spookstories, kan baie negatiewe gevolge hê**

Kinders kan maklik vrees. Dit kan baie eenvoudig wees soos om ’n nagliggie aan te sit, of om poeier te strooi om die monster weg te jaag. Let op waarna jou kind kyk en hoor en hoe jy goed oordra. Selfs ‘n onskuldige kinderfliek kan kinders bang maak. Probeer ook vasstel wat agter die vrees lê en gee dan erkenning daaraan en hou in gedagte dat die een vrees na ‘n ander (dalk groter) vrees kan oorgaan.

Spookverhale is dwaalstories sluit ook goëlstories in, aangesien daar in die volksgeloof geglo word dat goëlary ook sy oorsprong by die geloof in animisme het. Voorbeelde hiervan is die spookstories van C.J. Langenhoven.

Spoke is niks anders as demone nie en spookstories vorm deel daarvan om aktiwiteite te beoefen in die okkulte. En ons as mense hou ons besig met demoniese geeste wat ons vermaak.

Enige iets wat te doen het met die geestesrealm en duisternis is oklulties van aard. Onwetend maak ons ons en ons kinders betrokke daarby. Spoke is demone wat as engele van die lig manifesteer en wil ons kinders al van kleins af laat tweifel en kom ons kinders te mislei en te verlei en daardeur kwaad in ons lewe te bring.

Kom ons hou op om vir ons kinders spookstories te vertel en te bepaal by hierdie dinge. Moenie in dieselfde kamp sit saam met Satan en demone nie. Ons skep ruimte vir ons kinders om met die okkultiese betrokke te raak en ons plan vrees.

Spookstories het krag oor ons, want ons raak bang. Demone in die geeste realm lag daaroor want hulle het nou reggekry om die persoon te mislei.

**SPOKE EN GEESTE IN DIE KELTIESE WÊRELD**

Die Kelte van Wes-Europa het meer as 2 000 jaar gelede 1 November as die Keltiese Nuwejaarsdag en die Tamanfees ter ere van die Songod gevier. Die Keltiese Oujaarsaand was gewy aan Samhain, die God van die Doderyk. Die siel van 'n sondaar is met sy afsterwe in die liggaam van 'n dier gevang en op hierdie feesdag kon mense hom oorreed om die siele van oorledenes vry te laat.

## WETENSKAPLIKE VERKLARINGS

Daar is nog geen wetenskaplike bewys dat spoke wel bestaan nie en erken die moderne wetenskap nie die bestaan van geeste of soortgelyke fenomene nie.

Wetenskaplikes het in die laat 19de eeu baie belang gestel in spoke en daar is selfs pogings onderneem om spoke in ‘n laboratorium te laat verskyn.

Psigologiese verklarings beskou spoke as fenomene, wat deur die waarnemers slegs ingebeeld is en het meer met die besonderhede van die menslike psige as met die bestaan van egte spoke.

Misterieuse verskynings in spookhuise en -kastele is dus meestal die gevolg van wind, wat teen die mure waai en infraklank in die gange en ander dele van die geboue veroorsaak.

## KOMPLEKSITEIT IN DIE STUDIE VAN SPOKE

Hoekom is dit so moeilik om spoke uit 'n wetenskaplike oogpunt te ondersoek? In die eerste plek, want hulle is gekrediteer met 'n aantal verskillende vermoëns soos deure wat self oopmaak, sleutels wat verlore raak, 'n onverwagse koue. Die kwessie van spoke is, is hul vermoë om uit die bloute te in die vorm van versteurde te verskyn. Daarbenewens weet mense nie, wanneer hulle gekonfronteer word met die soort onverklaarbare verskynsels, hoe om dit te verduidelik nie.

Persoonlike ervaring is een ding, maar om dit wetenskaplike te bewys, is 'n ander saak. Nog 'n probleem wat in die spoke studie lê is die feit dat daar tot dusvêr geen enkele definisie oor hierdie verskynsel gemaak kon word nie.

Ander argumenteer dat spoke deur telepatie geprojekteer word in ons verstand. Nog ander skep hul eie kategorieë vir verskillende tipes van spoke, soos poltergeists, spoke oorblywende, intelligente geeste en skadu van mense. Natuurlik, 'n poging om spoke te kategoriseer is dieselfde as die skep van verskillende rasse feetjies. Elke persoon kan so baie verskillende tipes van spoke noem as wat hy wil.

## OPSPORINGSMETODES

Spookjagters gebruik 'n verskeidenheid van kreatiewe (en twyfelagtige) metodes om die teenwoordigheid van spoke op te spoor. Byna almal van hulle beweer dat hulle hoë tegnologiese wetenskaplike toerusting gebruik om spoke te verwyder. Voorbeelde soos Geiger tellers, elektromagnetiese opspoorders, ioon opspoorders, infrarooi kameras en sensitiewe mikrofone. Tog, al hierdie toerusting, in werklikheid, en het nie gehelp dat enige iemand nog ‘n spook kon vind nie. Vir baie eeue het mense geglo dat die kersvlam draai blou in die teenwoordigheid van geeste. Vandag is dit slegs ‘n paar mense wat in hierdie idee glo. Daarom is dit waarskynlik dat in 'n paar dekades of eeue, die spookopsporing metodes heeltemal belaglik en absurd sal wees.

## HOEKOM GLO SO BAIE MENSE NOG AAN SPOKE?

Die meeste mense wat in spoke glo, doen dit as gevolg van die invloed van 'n persoonlike ervaring. Byvoorbeeld, hulle het in 'n huis grootgeword waar vriendelike geeste was en hulle beskou dit as vanselfsprekend.

Die tweede voorbeeld is dat hulle 'n paar spanningsvolle ervarings gehad het in die sogenaamde *"spookhuis huise.”*

Nietemin, baie mense glo dat die bewys in die bestaan van spoke gevind kan word in die moderne fisika, naamlik, in die eerste wet van termodinamika, wat Albert Einstein geformuleer het. As energie nie geskep of vernietig kan word nie, maar net in vorm verander, wat gebeur met die energie van ons liggame wanneer ons sterf? Kan dit self een of ander manier manifesteer in die vorm van 'n spook?

# WAT SÊ DIE BYBEL OOR SPOKE?

**IS DAAR WERKLIK SO ’N IETS SOOS SPOKE?**

Die antwoord hierop hang alles af van wat presies met spoke bedoel word? Indien dit geestelike wesens (sonder ’n liggaam) is, is die antwoord ’n baie besliste ja. Indien dit die geeste van afgestorwenes beteken, is die antwoord ’n baie besliste nee.

Die Bybel sê baie duidelik dat daar geestelike wesens bestaan – goeies en slegtes, maar wys die idee van geeste wat ontslape mense wat op aarde agterbly om mense vrees aan te jaag, beslis af.

Heb 9:27 – *“En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,”*

Dit is wat met ‘n persoon se siel-gees na die dood gebeur, die oordeel. Die resultaat van hierdie oordeel is hemel vir die gelowige: 2 Kor 5:6-8 – *“6Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon. 7Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie. 8Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.”*

Fil 1:23 – *“Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;”*

En hel vir die ongelowige: Matt 25:46 – *“En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.”*

Luk 16:22-24 – *“22En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. 23En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. 24En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.”*

Daar is geen tussenfase nie. Daar bestaan geen moontlikheid om op aarde in die vorm van ‘n spook te vertoef nie. Indien daar, volgens die Bybel, sulke goed soos spoke is, kan hulle onder geen omstandighede ontliggaamde geeste van gestorwe menslike wesens wees nie.

Sodra die mens sterf, volg die oordeel. Jesus sê vir die misdadiger aan die kruis in Luk 23:43 – *“En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.”*

Paradys is die wagkamer na die hemel. Wie hul daarin bevind, is oorstelp van vreugde omdat hulle ná die oordeel saam met Jesus na die hemel vertrek.

In die Gelykenis van die Talente gee die ontevrede heer opdrag in Matt 25:30 – *“En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.”*

Die buitenste duisternis is die wagkamer na die hel. Wie hulle daarin bevind, vrees vir die hel wat ná Jesus se finale oordeel op hulle wag! Wanneer ’n mens sterf, weet hy wat sy eindpunt gaan wees. Daar is ná die dood geen omdraai kans nie. Daarom ween en kners die ongelowiges op die tande – hulle weet wat op hulle wag.

Die Bybel onderrig baie duidelik dat daar wel geestelike wesens is, wat met ons fisiese wêreld kan kontak maak en ook verskyn. Die Bybel identifiseer hierdie wesens as engele en demone. Engele is geestelike wesens wat getrou in diens van God staan. Engele is regverdig, goed en heilig. Demone is gevalle engele, wat teen God gerebelleer het. Demone is boos, verleidelik en vernietigend.

In hierdie lig gesien, is daar geen moontlikheid om op die aarde agter te bly nie. Beslis nie in die vorm van ’n spook nie! Wie spoke waarneem, moet weet dat dit nie die geeste van ontslape mense is nie.

Die Bybel leer dat mense wel met geestelike wesens kontak kan maak en dat hulle in ons fisiese wêreld kan verskyn. Daar is twee soorte geestelike wesens – engele en bose geeste. Engele is geeste wat God van hul skepping af getrou dien. Hierdie engele is regverdig, goed en sondeloos.

Heb 1:14 – *"Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?"*

Die engele dien God en word ook deur Hom gebruik om gelowiges by te staan.

2 Kor 11:14-15 – *"14En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. 15Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke."*

Bose geeste is gevalle engele wat teen God in opstand gekom het. Hulle is boos, misleidend en vernietigend. Dit is dus binne hul vermoë vir demone om te manifesteer as "*engele van die lig*" en as "*mense wat die wil van God doen*." Om as 'n spook te verskyn en in die persoon van 'n gestorwe menslike wese te voorskyn te tree, lyk definitief asof dit binne die mag en vermoëns van duiwelbesetenheid lê.

1 Joh 5:19 – *"Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê."*

Bose geeste is onder beheer van Satan en hy is in beheer van die wêreld.

1 Pet 5:8 – *"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind."*

Bose geeste deurkruis die aarde om gelowiges te vernietig. Hulle is slu, slim en deeglik van die mens se swakheid bewus om kennis van die onbekende te verkry, veral as dit buite die wetenskaplike sfeer lê.

Volgens die Bybel is die naaste voorbeeld van agtervolging in Mark 5:1-20 – ***"Die besetene van Gádara."***

'n Legioen van duiwels het 'n man beset en hom gebruik om in 'n begraafplaas rond te dwaal. Daar was geen spoke betrokke nie. Dit was die geval van 'n normale persoon wat deur demone beheer was, om mense in daardie area te terroriseer.

Joh 10:10 – *"Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê"*

Demone soek net om te steel, te slag en uit te roei. Hulle sal enigiets in hul vermoë doen om mense te mislei – van God af weg te lei. Dit is baie soortgelyk aan die verklaring van "*spookagtige*" aktiwiteit in die huidige tyd. Wat dit ook al genoem word: spook, 'n grafskender of 'n kwelgees, maar as daar werklik bose geestelike aktiwiteit plaasvind, dan is dit die werk van demone.

**DIE GELOOF IN DIE HIERNAMAALS**

Die idee dat die dood by ons bly in die vorm van geeste, is 'n baie ou en verskynsel in ontelbare stories uit Bybelse gelykenisse tot Shakespeare se *"Macbeth."* Hierdie geloof het selfs tot gevolg gehad het tot spesiale volktipes. Stories oor spoke is deel van die oortuigings oor paranormale verskynsels, insluitende die naby-dood ervaring, lewe na die dood, en kommunikasie met die geeste. Nie moeilik om te sien waarom hierdie idee so algemeen onder mense is nie. Baie wil nie glo dat die dood vir ewig is nie, daarom verkies hulle om te dink dat hulle van tyd tot tyd terugkom na hulle toe.

**WAT MOET 'N GELOWIGE SE REAKSIE WEES OP SPOKE?**

Weersin!

Spoke is die werksaamhede van bose geeste? Dit moet ons daaraan herinner dat demoniese werksaamhede tot die dood van ons Verlosser gelei het. Was die Joodse kerklui van destyds nie instrumente in die hande van Satan nie? Ons het met hom niks te doen nie en vermy derhalwe alle skakeling met die bonatuurlike.

Jak 4:7 – *"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel en hy sal van julle wegvlug"*

**Die Bybel sê dat Satan jou later sal uitlos.**

Lev 19:31 – "*Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God."*

Satan is ’n indringer en dring selfs sekere volke se tradisies binne. Bose geeste word onder die skyn van voorvadergeeste aanbid. Die Bybel verbied mense om met die geeste van afgestorwenes te skakel.

Luk 16:26 – *“En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.”*

Daar is geen skakeling tussen lewendes en dooies moontlik nie.

Neh 9:6 – “*“U alleen die Here, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die see en alles wat daarin is en U hou dit alles in die lewe en die leër van die hemel buig hulle voor U neer”*

Al lê die wêreld in die mag van Satan, is God steeds Meester daarvan. Die Bybel praat oor God se mag as Skepper.

Ongelowiges is weerloos teen die aanslae van Satan en sy trawante. Wie volgens Satan se kode leef, word aan sy reëls gebind. Let daarop dat mense wat hul vertroue nie in die Here Jesus stel nie, al hoe meer in die dinge van Satan vasgevang word.

Bose geeste/spoke maak mense bang omdat vrees die teenoorgestelde van liefde is. God is liefde en Satan vrees. Daarom geniet bose geeste dit as mense bang is, want vrees verlam jou lewe en trek die aandag van God af weg. Gevolglik is die geloof in Jesus Christus bevrydend.

1 Joh 4:18 – “*Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite”*

Satan sê: Tel jouself op en lê die kruis neer.
Jesus sê: Lê jouself neer en tel die kruis op.

***Gee aan Satan geen vastrapplek nie!***

# GEES, SIEL EN LIGGAAM: WAT IS DIE VERSKIL?

*(Deur Andrew Wommack)*

**Die skepping van die mens**

Gen 2:7 - "*En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.*"

**Die mens is 'n eenheidswese**

Psalm 139:13 – "*Want Ú het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef.*"

Ons is tegelykertyd 'n eenheidswese as liggaam en siel gemaak van konsepsie af.

1 Thess 5:23 – *"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!"*

Gees gee 'n beskrywing van die wyse waarop die mens (as liggaam en siel) bestaan.

**Die mens is drieledige wesens**

God se Woord leer ons duidelik dat ons drieledige wesens is.

Die meeste mense erken nie die feit dat hul geeste die kern van hul wesens is nie en glo eintlik dat hulle net uit liggaam en siel bestaan. Hulle funksioneer hoofsaaklik uit hul sieleryk, en glo dat wat hulle dink en voel die werklikheid is, want hulle verwar siel en gees as dieselfde ding. Daarom erken hulle op 'n daaglikse vlak slegs 'n fisiese, 'n emosionele, geestelike en innerlike deel (algemeen genoem "*persoonlikheid*").

Hulle mag dalk sien dat hulle siele die kern is van wie hulle is, maar God se Woord sê anders.

**Die ware ek**

Die volgende diagram is net 'n voorstelling om die verhouding tussen die, gees, siel en liggaam aan te dui. Beskou die diagram van drie sirkels asof binne-in mekaar, soos 'n teiken.




Die buitenste sirkel is ons liggaam. Dit is die deel wat ons kan sien en voel.

Dan het ons 'n innerlike deel wat nie gesien kan word nie, maar kan gevoel word. Dit is ons siel. Let op hoe ons siel ons liggaam en gees raak. Ons siel is ons geestelike, emosionele deel, ons verstand, wil, emosies, gewete en persoonlikheid.

Ons gees is die tweede innerlike deel. Dit is ons binneste deel. Alhoewel dit die middelpunt is van wie ons is, kan dit nie gesien of gevoel word nie.

**GEES (PNEUMA)**

Die gees is die mens se nie-materiële vermoë, wat sensitief kan wees vir God en op God kan reageer in teenstelling met die liggaam wat swak en sondige is.

**Ons gees is die ware ons!** Jak 2:26 – *"Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood."*

Nadat God Adam gevorm het, het Hy die asem van die lewe in hom geblaas in Gen. 2:7 het hierdie Hebreeuse woord "*asem*" word ook as "*gees*" weergegee.

Hand 17:16 – *"En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was."* Paulus word verontwaardig (letterlik het sy gees in hom ontsteld geword) oor die baie afgodsbeelde in Atene.

1 Kor 2:11 – *"11Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God."*

Die dinge van God ken niemand nie. Hierdie woorde kan nie geneem word as 'n bewering dat die mens geen kennis van die dinge van God kan het nie, maar die Apostel dring daarop aan dat die mens, as mens, nie die dinge van God kan ken nie, maar dat sy kennis van hierdie dinge gegrond is van die feit dat die Gees van God in hom woon.

1 Kor 2:10-12 – *"10Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. 11Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. 12 Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het."*

Hierdie eenheid (van liggaam en siel) word verbreek slegs by die dood, as gevolg van die skeiding van liggaam en siel. Die siel word onmiddellik deur God geoordeel en verkeer in die "*doderyk*" – vir gelowiges is dit by God in die (voorlopige) hemelse saligheid (wat die "*finale*" bestaanswyse van die gees van die mens is (Pred 12:7).

Luk 16:22-23 – *22En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. 23En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem."*

Vir die ongelowiges is dit in die (voorlopige) helse smart.
Fil 3:20-21 – *"20Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, 21wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam"*

1 Thess 4:16-17 – *"16Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. 17Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."*

Met Jesus se wederkoms sal al die grafte oopgaan en die liggame opstaan en weer met die siel herenig word. Hoe dit presies gaan gebeur, bly 'n goddelike misterie, wat ons met verwagting en vreugde afwag.

In ons gees het ons die volle mate van geloof. Ons het nie meer geloof van God nodig nie, want ons het reeds alles ons ooit sal nodig hê. Ons geloof is nie klein, onvolwasse of in die proses van groei nie, dit is reeds so volmaak en volledig soos die geloof van Jesus. Ons moet net ons verstand vernuwe en leer om vry te laat.

Ons gees het heeltemal verander by ons verlossing! Met die maak van Jesus Christus ons Here, het ons gees 'n onmiddellike en volledige transformasie ondergaan.

**SIEL (*PSUCHE*)**

Die Griekse woord *psuche* (siel) verwys in die Nuwe Testament na die lewe van die mens as denke, verstand, wil, gevoel, innerlike self, denke, gedagtes, emosies, gevoelens (begeertes), ons hart, gewete, persoonlikheid en ons wese as 'n persoon.

Joh 10:11 – *"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe (sy siel) af vir die skape."*

Grieks vir **sy lewe (siel)** is **"*psuche*."** Dit beteken: Die gees of siel is verskillend van die liggaam en verlaat dit by die dood (*die onsterflike deel van 'n persoon).* Die mense lewe, en die lewe van die mens is sy lewe as liggaam en siel.

Hebreeus vir **siel** is "***nefesj****" en* kom 755 maal in die Ou Testament voor. Dit beteken "*keel*" en "*asem*" wat deur die keel kom.

**Keel -** in Jes 5:14 – *"Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat, en daarin sink hulle adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is."*

**Asem wat deur die keel kom** - Job 41:12 – *"Sy asem laat kole ontvlam, en 'n vlam gaan uit sy mond."*

Die doderyk maak sy <u>keel</u> wyd oop en dan <u>asem</u> wat deur die keel kom

<u>Gen 9:4-5</u> – “*4Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie. 5Maar wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die <u>siel</u> van die mens eis.”*

Die Bybel dui ook aan dat <u>lewe</u> (*nefesj*) van die dier in sy bloed gesetel is, wat die Here Jesus gegee het om vir julle lewens (*nefesj*) versoening te doen.

<u>Lev 17:11</u> – *“Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.”*

Soos asem ‘n teken van lewe is, beteken *nefesj* (siel) ook lewe of lewensgees.

<u>Gen 1:30</u> – “*Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so.”*

Die Here Jesus gee aan al die diere, aan alles wat leef, (Letterlik: alles wat ‘n lewende siel het) die groen plante as kos.

<u>Job 12:10</u> – *“In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees.”*

Job se digterlike taal gebruik siel en gees as sinonieme om lewe uit te druk: Hy het al wat lewe (letterlik: die siel van elke lewende ding) in sy mag, die asem (*ruach* gees) van elke mens.

<u>Open 8:9</u> – *“en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.”*

‘n Derde van alles wat in die see lewe (letterlik: wat in die see siele het), het gesterwe.

<u>2 Sam 1:9</u> – *“Daarop sê hy vir my: Kom staan tog by my en maak my van kant, omdat 'n duiseling my bevang het; <u>want my lewe is nog heeltemal in my</u>.”*

Solank die mens lewe is die lewe (siel) nog in hom: want ek leef wel nog (my siel is nog in my).

<u>Hand 20:10</u> – *“Toe gaan Paulus ondertoe en val op hom en slaan sy arms om hom en sê: Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom.”*

Paulus sê van Eutiges wat by die derde verdieping af geval het: Hy lewe! (sy siel is in hom).

By die dood verlaat die siel die mens, soos Ragel wat sterf volgens <u>Gen 35:18</u> – *“En toe haar siel uitgaan — want sy het gesterwe — noem sy hom Ben-Oni. Maar sy vader het hom Benjamin genoem.”* Ragel was aan die sterf, en terwyl sy haar laaste asem uitblaas was haar siel besig om te vertrek, want sy het gesterf.

**LIGGAAM**

Ons liggaam is duidelik. Dit is die fisiese deel van ons wat in 'n spieël gesien kan word. As ons van aangesig tot aangesig kon praat, sou ons mekaar se liggame kon sien. Die liggaam verwys na die mens se uiterlike verskyning, wat nie sonder sy gees of siel lewendig kan wees nie.

<u>Rom 6:13</u> – “*En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.”*

Ons moet elke deel van ons liggame in diens van God stel, as werktuig om te doen wat God wil hê.

<u>Rom 12:1</u> – *“EK vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens.”*

Paulus doen ‘n beroep op die gelowiges om hulleself (hulle liggame) aan God te gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike (Ou vertaling: julle redelike godsdiens) van die godsdiens wat julle moet beoefen.

# WAT SÊ DIE WÊRELD?
# KAN MENS MET DOOIES KOMMUNIKEER?

**Kan ons enigsins met ons geliefdes wat gesterf het kontak maak?**

Daar was van 1999 – 2004 ‘n TV program *“Crossing over with John Edwards”* waar hy aanspraak maak op sy psigiese vermoë om met *“die ander kant”* te kommunikeer. Hy maak ook geweldig baie geld en is maande vooruit bespreek teen 300 dollar per sessie.

*“Crossing Over”* is ‘n tegniek wat “*Cold Reading*” genoem word. Geen feite word deur die mediums genoem nie, slegs suggesties en voorstelle. In ’n 60 minute sessie het ’n medium met die naam van James Van Praagh slegs 2 feite genoem en 260 vrae gevra. Die ergste van alles was dat die 2 feite wat hy genoem het, verkeerd was. James Randy het John Edwards se programme ontleed en tot die gevolgtrekking gekom dat hy slegs 13% van die tyd reg was. Dit beteken uit 100 raaie, raai hy 13 reg.

**Hoe word “Crossing over” gedoen?**

Daar bestaan ook iets soos poltergeist ervarings waar koppies van rakke afval en waar jy iemand op die dak hoor loop. Suid-Afrika is baie bekend met die tokkelossie. Daar is nie iets soos spoke nie, daar is wel iets soos demone. Daar is ook nie iets soos siele wat kwansuis nie tot ruste kan kom nie en nog steeds rondswerf nie.

Die groot vraag vandag is natuurlik: Wat sê die God se Woord hieroor?

- <u>Jes 8:18</u> - *“Mense sê julle moet mediums en spiritiste raadpleeg wat fluister en mompel, maar moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Waarom sou 'n mens dooies in belang van lewendes raadpleeg?”*

Daar is ook iets soos *“hot reading”* – waar mikrofone op plekke geplaas word en waar navorsing oor die spesifieke mense gedoen word.

Met die praktyke is dit ook vreemd dat die dooies nie meer so lekker kan praat nie want hulle wys ‘n “M” of ‘n “R” en dan mompel hulle so dat jy drie name of meer moet kry. Verder is hulle baie onduidelik dat mens ook nie seker is of hulle vir hulle koppe of hulle heupe wys nie, of hulle oud is of jonk nie, of hulle manlik of vroulik is nie.

Interessant dat nog nie een medium gesê het: Jammer, maar ek kan nie kontak maak nie, hy/sy is in ’n vreemde plek en dit lyk vir my die lyne het afgebrand nie.

Mariëtta Theunissen is Suid Afrika se eie medium wat met dooies aan die ander kant kommunikeer. Haar program *“Die ander kant”* was in 2004 uitgesaai en meer as 100 episodes is vervaardig. In 2012 het sy ‘n boek geskryf met dieselfde titel. Dit het mense gefasineer en baie *soekendes* het na haar gestroom. Buiten haar “*gawe*” om met dooies te kommunikeer, beweer sy, sy het x-straal oë en kan ook toekomstige aandelemarkneigings of wêreldgebeure oor die algemeen, voorspel. Sy het selfs talle aanlyn kursusse vir mense wat hul intuïsie wil ontwikkel.

Dit wat ons in die programme sien, verteenwoordig niks nuuts nie. Dit is al letterlik duisende jare dat mense deur middel van iemand wat as *“medium”* optree met gestorwenes kontak maak.

Ernst Endress was vroeër ‘n spiritus en het as medium opgetree. Hy het die Here Jesus leer ken en predikant geword. Mediums kan op verskeie maniere as tussenganger optree. Party praat in verskillende stemme, ander skryf met hulle hande wat onwillekeurig op die papier beheer word, en ander sien visioene of gesigte.

Daar word in die wêreld van die spiritisme gepraat van die sogenaamde “*derde oog*”, die vermoë om dit te doen word kanalisering (channelling) genoem. Dit word of van die een geslag na die ander oorgedra, of kan spontaan ontwikkel.

Opname wat gedoen is in Amerika het die volgende bepaal:

- 28% Amerikaners glo dat jy kan met dooies kommunikeer.
- 26% Sê dat hulle nie weet nie, maar laat die moontlikheid oop.
- Meer as 50% sê hulle het al die teenwoordigheid van ’n geliefde wat gesterf het, gevoel. Van hulle het hulle hoor praat of hulle visueel gesien.

Linda Georgin sê in haar boek *“Communicating with the dead”* dat sy al met dooies kommunikeer vandat sy 6 jaar oud is.

Hos 4:6 – *“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.”*

Baie mense is soekende maar gaan te gronde weens ‘n gebrek aan kennis.

Daar is verskillende tipe mediums, een van hulle is psigiese sieners *(psychic hotlines*). Hulle is gewapen met 'n verhoogde waarnemingsvermoë. Hierdie sieners kan ons geheime oor ons verlede, hede en toekoms ontbloot. Hulle kan dan hierdie klein besonderhede as 'n padkaart gebruik om verskillende fasette van die mense se lewens te verbeter, insluitend liefde, verhouding, loopbaan, geldsituasies, en meer.

‘n Ander tipe medium is psigiese mafia. Dis is ‘n towenaar (magician) wat bedrieglike aktiwiteite doen en baie ryk word deur duisende mense in séances *('n vergadering waar mense probeer om kontak te maak met die dooies, veral deur middel van 'n medium)* te mislei. ML Keene beskryf hoe slagoffers val vir die deursigtigste skelmstreke.

Die vraag is of hierdie gerusstellende, op die oog af onskuldige gesprekke met die dooies, regtig so onskadelik is soos diegene wat dit beoefen, wil voorgee.

Die meeste spiritiste beweer dat hulle optree in ooreenstemming met die Bybel. Hulle sê selfs dis ’n gawe van God. Die mediums sê Jesus was een van die grootste spiritiste want Hy het ook goed in die toekoms gesien soos byvoorbeeld in Matt 21:1-3: “*1EN toe hulle naby Jerusalem gekom en Bétfagé aan die Olyfberg bereik het, stuur Jesus twee dissipels uit en sê vir hulle: 2Gaan na daardie dorp reg voor julle, en dadelik sal julle 'n eselin vind wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. 3En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: Die Here het hulle nodig; en dadelik sal hy hulle stuur.”*

**Wat is spiritisme?**

Spiritisme is die praktyk waar mediums gebruik word om kontak te bewerkstellig met die geestelike wêreld. Die nuutste is dat mediums jou help om jou beskermengel se naam te leer ken. Satanisme is waar Satan aanbid word en is ’n kultus. Almal weet Satanisme is verkeerd, maar spiritisme is eintlik die gevaarlike een.

Die media (TV) is ’n magtige instrument in Satan se hande wanneer dit by die beeldsending van rolprente kom wat oor bonatuurlike dinge gaan. Dit wek sensasie op en werk besonder hard om spiritisme deel te maak van ons alledaagse lewens. Flieks soos Bewitched, Ghost, Sabrina en Charmed is maar enkele voorbeelde. In die fliek Sabrina is haar Ouma se naam Endora, die heks van Endor. In 2007 is ’n goedkoop rolprent Paranormal Activity in Amerika gemaak en het een van die winsgewendste rolprente van alle tye geword!

Hierdie hulp uit die onderwêreld het ten doel om mense te mislei. Dis mos die doel van bose geeste misleiding. Mense vertrou op die heldersiende persoon ipv. God. Mense stroom na sulke mense.

Bose geeste is gewillig om selfs ware inligting te verskaf indien dit mense van ’n geloof in God kan weerhou. Satan het ’n beperkte kennis van die toekoms!

**Die grondslag van spiritisme**

Kan bose geeste nie goeie dinge doen nie? Spiritiste maak daarop aanspraak dat hulle geeste oproep en handige inligting verkry.

Spiritisme het met die Satan se eerste leuen aan Eva ontstaan. Gen 3:4 - *"Julle sal gewis nie sterwe nie."* Sy woorde was die eerste preek oor die onsterflikheid van die siel. Tans hang talle godsdienste onwetend regoor die wêreld hierdie stelling aan. Vir baie is die Goddelike vonnis: Eseg 18:20 - "*Die siel wat sondig, die moet sterwe,"* Omgekeer sal dit sê: *"Die siel sal, selfs al sondig hy, vir ewig lewe."*

Hierdie dwaalleer van natuurlike onsterflikheid het aanleiding gegee tot geloof aan bewustheid in die dood. Soos ons gesien het, is hierdie sienings 'n regstreekse weerspreking van die Bybelse leer oor hierdie onderwerp. Hulle is van die heidense filosofie – veral die van Plato (427-347) wat 'n heidense Griekse filosoof was in die tyd van die groot afvalligheid in die Christelike geloof opgeneem. Die leringe van Plato het 'n groot invloed gehad op die godsdiensoortuigings van miljoene mense, insluitende verklaarde Christene, van wie baie verkeerdelik aanneem dat hierdie oortuigings op die Bybel gebaseer is.

Een van Plato se vernaamste leringe is die idee dat mense 'n onsterflike siel het wat die dood van die fisiese liggaam oorleef. "*Die onsterflikheid van die siel*" is een van Plato se gunstelingonderwerpe. *—Body and Soul in Ancient Philosophy*

Hierdie geloof het die heersende sienswyse binne die Christendom geword en bly tot vandag toe nog oorheersend.

Die geloof dat die dode in 'n bewuste toestand is, het baie Christene beweeg om die spiritisme aan te neem. As die dode leef en in die teenwoordigheid van God verkeer, waarom kan hulle nie as dienende geeste na die aarde terugkeer nie? En as hulle kan, waarom nie probeer om met hulle te kommunikeer om raad en voorligting te vra, rampspoed te vermy, of troos in droefheid te ontvang nie?

Open 12:4 & 9 – *"4en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. 9En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp."*

Deur hierdie redenasie te gebruik, het Satan en sy engele 'n kanaal van kommunikasie opgebou waardeur hulle hul bedrog kan voortsit. Deur middele soos spiritistiese *"seances" ('n poging om met geeste te kommunikeer)* te loots sodat hulle hul ontslape geliefdes na hulle toe bring, veronderstel om hulle te troos en gerus te stel. Soms voorspel hulle geloofwaardige toekomstige aan hulle.

Dan neem die gevaarlike ketterye *(teenstrydig met 'n geloof)* want hulle gee die indruk dat dit betroubaarheid is, selfs al weerspreek hulle die Bybel en die wet van God. Omdat hulle die versperrings teen die bose verwyder het, staan dit die Satan nou vry om mense weg te lok van God na gewisse ondergang.

**Waarskuwing teen spiritisme**

Niemand hoef deur spiritisme mislei te word nie. Die Bybel stel sy aansprake duidelik aan die kaak as vals. Soos ons gesien het, leer die Bybel ons dat die dode niks weet nie en dat hulle bewusteloos in die graf lê.

Die Bybel verbied ook ten strengste enige poging om met die dode of die geesteswêreld in aanraking te tree. Dit sê dat diegene wat beweer dat hulle met die dode kommunikeer, soos spiritistiese mediums tans doen, in werklikheid met die *"geeste van duiwels"* kommunikeer. Die Here Jesus noem hierdie dade 'n gruwel en eis dat diegene wat hulle pleeg, met die dood gestraf moet word.

Deut 18:10-11 – *"10Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan — wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan*

*nie, 11of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie."*

Jesaja het die dwaasheid van die spiritisme tereg so uitgedruk: Jes 8:19-20 – "*19En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel — moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? 20 Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."*

ALLEEN die leer van die Bybel kan Christene teen hierdie oorweldigende misleiding bewaar.

**Die laaste bedrog**

In die verlede was die manifistasie van spiritisme tot die gebied van die okkulte beperk, maar meer onlangs het die spiritisme die gedaante van *"die Christelike geloof*" aangeneem sodat dit die Christenwêreld mislei kan word. Deur voor te gee om die Christus in die Bybel aan te neem, het die spiritisme 'n uiters gevaarlike vyand vir gelowiges geword. Die invloed is subtiel en misleidend. Deur die invloed van die spiritisme word die Bybel uitgelê op 'n manier wat aanneemlik is vir die onwedergebore hart, terwyl die plegtige en belangrike waarhede daarvan van nil en gener waarde gemaak word. Liefde word beklemtoon as die hoofeienskap van God, maar dit word verlaag tot 'n soetsappige sentimentalisme en dit onderskei maar min tussen goed en kwaad.

Open 3:10 – *"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."*

Voor ons is die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Die Satan staan op die punt om vele groot tekens en wonders te gebruik in sy laaste poging om die wêreld te bedrieg.

In verband met hierdie meesterlike misleiding, sê Johannes in Open 16:13-14 – "*13En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. 14Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God."*

Open 13:13-14 – *"Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. 14En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het."*

Alleen diegene wat deur die krag van God bewaar word en hul gees versterk het met die waarhede van die Skrif, wat dit as hul enigste gesag aanvaar, sal in staat wees om te ontkom. Al die ander het geen beskerming nie en sal deur hierdie bedrog weggevoer word.

**Die Waarom van die Dood**

Die Bybel leer ons dat die dood gekom het deur die opstand van die mens teen God. Die dood is gevolg van die sonde. Daarom is, volgens die Christene, die dood baie ernstiger as volgens die heidene. Die dood hou verband met die sonde. Paulus sê in Rom 6:23 – "*Die loon van die sonde is die dood.*"

God het die sonde só ernstig opgeneem dat sy eie Seun moes kom om die oorsaak van die dood, dit is die sonde, weg te neem aan die kruis.

**Wat sê die Bybel oor die sterre voorspel:**

Jes 47:13-14 - "*13Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red — die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom. 14Kyk, hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie — dit is geen kool om by warm te word nie, geen vuur om daarvoor te sit nie!"*

'n Goeie vraag om te vra is: Hoekom moet ek 'n afspraak maak met 'n toekomsvoorspeller? Hulle moet mos weet ek kom. 72 Voorspellings deur top voorspellers was net 6 naastenby waar. Snaaks

hulle wen nooit die lotto nie, of voorspel nie die regte perd nie. 25 voorspellers is getoets waarvan 92% verkeerd en 8% verduidelikbaar, was.

Baie mense vertel dat hulle al hul Ouma of Oupa gesien het. Wat is dit? Ons noem dit "*transfigurasie*." Dit is wanneer 'n demoon die gestalte van 'n mens aanneem.

Dit is baie duidelik dat daar nie iets soos spoke is nie. Daar is wel iets soos engele of demone. Daar is ook nie iets soos siele wat nie tot ruste kan kom en dan rondswerf nie.

Jes. 44:25 – *"wat die tekens van die leuenprofete vernietig en die waarsêers tot dwase maak; wat die wyse agteruit laat wyk en hulle kennis domheid maak;"*

Dan. 2:2 – *"Toe het die koning bevel gegee om die geleerdes en die besweerders en die towenaars en die Chaldeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Toe hulle kom en voor die koning gaan staan,"*

1 Joh 4:1-3 – *"1GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. 2Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; 3en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld."*

'n Persoon met die naam van Victor Ernest skryf in sy boek *"I talked to spirits*" dat daar een ding is wat spiritiste altyd mee sukkel is dat hulle nie die vleeswording van Jesus kan erken nie. Hulle sal almal vir jou sê dat hulle glo aan die gees Jesus, maar as hulle voor die vleeswording van Jesus te staan kom dan vou hulle. Hoekom? Want die vleeswording van Jesus dui op die oorwinning wat God oor die bose gemaak het. Hulle kan dit nie erken nie.

**Kontak met die demoniese wêreld**

Daar is sekere dinge wat maak dat mense by demone betrokke raak of demone kanse gun om hulle te betrek. Johanna Michaelse skryf in haar boek *"The beautiful side of evil"* dat enige beoefening van spiritistiese speletjies soos glasie-glasie, waarsêery, en ringpendulums vir die bose 'n geleentheid skep om 'n voet in die deur te kry. Die gevaar van 'n program soos *"Crossing over*" maak deel uit van die mantiek *('n sambreel woord vir spiritisme, towery en die mistiek*) is dat dit 'n muur tussen ons en God kan laat ontstaan.

As die dode volkome onbewus is, met wie of wat kommunikeer spiritistiese mediums?

Elke eerlike mens sal erken dat minstens sommige van hierdie verskynsels bedrog is, maar ander kan nie so wegredeneer word nie. Daar is klaarblyklik een of ander bonatuurlike mag aan spiritisme verbonde.

**HOE MOET ONS AS GELOWIGES REAGEER?**

Hoe moet gelowiges reageer wanneer hulle van spokery en ander bonatuurlike bedrywighede hoor? Die eerste ding wat ons moet weet, is dat dit nie die geeste van ontslapenes is wat op aarde agtergebly het om mense die skrik op die lyf te jaag nie.

Baie van die bonatuurlike bedrywighede waarvan mense praat, is kullery. Die mensdom soek gedurig na iets nuut en glo selfs onsin. Dit gebeur ook dat mense onwetend verkeerde waarnemings maak oor wat hulle gesien het terwyl daar in werklikheid 'n logiese verklaring daarvoor is. Waar daar werklike bonatuurlike bedrywighede is, is bose geeste aan die werk. Gelowiges mag nie daardeur aangegryp of daardeur uitgelok word nie.

Psalm 91:8 – "*Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien"* eis van gelowiges om Satan geen vastrapplek in hul lewe te gee nie.

Bonatuurlike bedrywighede moet gelowiges eerder aan die geestelike stryd in die gelowige se lewe herinner asook Satan teen wie ons worstel.

Efe 6:10-20 – "***Die wapenrusting van God.*** *10EINDELIK, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 12Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die*

*owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. 13Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. 14Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, 15en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. 16Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. 17En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die woord van God — 18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges 19en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak, 20waarvoor ek 'n gesant is in kettings, sodat ek daarin vrymoediglik mag spreek soos ek moet spreek."*

***Ons 'n stryd is nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die onsigbare magte van die duisternis.***

Hierdie magte van die duisternis lok egter al meer belangstelling. Daar is in werklikheid niks wat mense se belangstelling in die donker wêreld van Satan behoort te prikkel nie. Jesus het dan juis aarde toe gekom om Satan se werke te vernietig.

1 Joh 3:8 – *"Hy wat sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn om die werke van die duiwel te verbreek."*

En dit het Hom sy lewe gekos! Hoe durf die werke van Satan die gelowiges se belangstelling prikkel!

# WAT SÊ DIE BYBEL?
# KAN MENS MET DOOIES KOMMUNIKEER?

**GOD SE WOORD SÊ NEE!** Ons kan nie met dooies kommunikeer nie. Iemand wat dit beweer is met blote bedrog besig, of met onbybelse okkultiese praktyke wat deur demone beheer word.

Luk 16:19-31 – ***"Gelykenis van die ryk man en Lasarus.*** *19EN daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. 20En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. 21En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. 22En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. 23En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. 24En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. 25Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. 26En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. 27En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur — 28want ek het vyf broers — om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. 29Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. 30Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. 31Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."*

Jesus vertel dat as ons uit hierdie lewe die hiernamaals betree, ons in een van die twee plekke sal wees waar ons die ewigheid gaan deurbring.

*1.* Die een wat in die hel is, kan soos deur 'n eenrigting spieël sien wat in die hemel plaasvind maar dit is die allerverskriklikste toestand waar 'n mens jou in kan bevind en dit gaan vir ewig so aanhou: Luk 16:23-24 **-** *"En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem."*

   Daar gaan geen verligting wees nie. Ons sal nie so nou en dan uit die hel uit 'n draai op die aarde kan gaan maak of êrens tussen in kan beweeg vir 'n bietjie lafenis terwyl ek 'n bietjie kan ontspan en wegkom van my verskriklike ewige straf nie.

   Daar word vir die ryk man verduidelik, dat daar nou vir ewig nie vir hom redding of lafenis is nie en dat hy is waar hy is vir altyd, ja tot in alle ewigheid. Die ryk man smeek wanhopig. Jesus self vertel ons van dit in Lev 16:27-28 – "*Maar die sondofferbul en die sondofferbok waarvan die bloed ingebring is om versoening te doen in die heiligdom, moet hulle buitekant die laer uitbring; en hulle velle, hulle vleis en hulle mis moet met vuur verbrand word. 28En hy wat dit verbrand, moet sy klere was en sy liggaam in die water bad; en daarna mag hy in die laer kom."*

2. Die ander is die Paradys. Jesus verduidelik dat as ons in die hemel is, Hy ons daar hou omdat Hy ons geskape en gered het om altyd by Hom te wees.

Al sou Hy ons tog uit die hemel aarde toe laat gaan het, sou dit 'n sinnelose daad gewees het want dit sal niks vir ons se siel of geestelike welstand in die lange duur beteken nie.

Luk 16:29-31 – *"29Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. 30Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. 31Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."*

Ons sal nie gered word as ons nie God se Heilige Woord glo wat Hy vir ons gegee het nie.

God doen nie sinnelose en nuttelose dinge nie en dit sou totaal sinneloos en nutteloos wees vir ons om met 'n afgestorwenes te kommunikeer, of die persoon nou in die hemel, en of in die hel is.

**Met Wie Moet Ons dan Kontak Soek?**

Ons moet kontak soek met God. Hy is die God van lewendes en dooies. Hy is die Skepper en die Regter. Ons moet almal eendag voor Hom verskyn. Dan vra Hy rekenskap. Hierdie aardse lewe beslis oor ons lewe na die dood. Ons het die Here Jesus nodig om sonder vrees voor God te verskyn. Christus Jesus wil en kan ons verlos van die oordeel. Wanneer ons in Jesus glo, dan behoort ons met liggaam én siel aan Hom. Ons moet só leef dat ons elke dag gereed is om God te kan ontmoet, want ons ken immers nie die dag waarop God ons roep om voor Hom te verskyn nie.

In die sekere wete dat Jesus vir ons sondes betaal het, kan ons ook sonder vrees uitsien na die dag waarop ons voor God se troon moet verskyn.

Wanneer ons bekeerd is tot die Here Jesus en ons glo met ons hele hart in die offer van Christus aan die kruis vir die sondes, dan is die lewe nie tevergeefs nie. Dan het ons lewe waarde, ewigheidswaarde, en dan is die dood net 'n deurgang na die ewige lewe in volle gemeenskap met God.

Mense wat met geeste kommunikeer, kommunikeer nie met geeste nie want dit is verseker nie 'n afgestorwene mens met wie hulle kommunikeer nie. As dit voorkom of hierdie sogenaamde afgestorwene al die regte antwoord het, moet ons onthou, dat Satan se bose geeste ons al ons hele lewe dophou, om te sien waar hy ons kan laat sondig. Hy ken ons waarskynlik beter as wat ons onsself ken en in hierdie hele heelal is daar nie 'n beter na-aper en spotter as Satan en sy bose geeste nie.

2 Kor 11:14-15 – *"En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. 15 Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke."*

Vir ons, wie Jesus Christus aangeneem het as ons Verlosser en Saligmaker en Sy Heilige Gees inwonend in ons het is enige ander geloof, bediening, sogenaamde Christen denominasie, of wat hulle hulleself ook al mag noem wat enige iets met afgestorwenes of geeste of iets soortgelyk te doen het, nie vir ons aanvaarbaar is nie.

Ons het nou net een Gees wat ons lei en dit is Sy Heilige Gees. Sy Heilige Gees mag ander mense, dit is lewende mense, gebruik om ons in hierdie of daardie te help, omdat ons soms vanweë ons persoonlike betrokkenheid, in ons mensheid nie reg kan oordeel nie maar Hy sal nooit afgestorwenes gebruik nie, omdat afgestorwenes nie by magte is om met ons kontak te maak nie.

**Daar is net Jesus Christus en Sy Woord, onder die leiding van net Sy Heilige Gees.**

Enige iets anders wat verkondig word is eenvoudig nie vir 'n ware Geesgvervulde kind van ons Here Jesus aanvaarbaar nie.

**Net deur Jesus Christus is daar, om dit so te stel, kommunikasie in die geesteswêreld en dan net met God Almagtig:**

Joh 14:6 – *"Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."*

**Daar is dan ook net een Gees wat van God se ware kinders besit kan en sal neem:**

Joh 4:26 – "*maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

**Wat sal ons doen met alles wat Jesus Christus se Gees ons mee vertroos en geleer het?**

Hand 1:8 – *"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."*

Ons moet glad nie betrokke raak by ander gelowe, kultusse en dinge nie. Ons moet nie onsself besoedel met dit nie en liewer die tyd wat ons hier op aarde het aan die wêreld demonstreer watter

Gees in ons woon. Deur ons God en Verlosser wie ons Sy Heilige Gees gestuur het sodat die wêreld Hom, dit is Jesus, deur ons kan sien.

**Hoe doen ons dit?**

Ons gee gehoor aan Sy opdrag aan ons, deur ons lewe of deur ons woorde en soms deur albei:

Mat 28:18-20 – *“18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. 20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.”*

# WAS DAAR SPOKE IN DIE BYBEL?

Is daar sprake van spoke in die Bybel? Die term self verskyn, maar wat dit beteken kan verwarrend wees.

Spook in Grieks is φάντασμα en beteken: voorkoms en verskyning.

**Waar is Spoke in die Bybel?**

Jesus se dissipels was in ‘n boot op die See van Galiléa, maar hy was nie by hulle nie.

Matthéüs vertel ons wat gebeur het:

Matt 14:25-27 – *“Maar in die vierde nagwaak het Jesus na hulle gekom, al wandelende op die see. 26En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van vrees. 27Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.”*

Markus en Lukas meld dieselfde voorval aan. Die evangeliese skrywers gee geen verduideliking van die woord spook nie. Dit is interessant om daarop te let dat die King James Version van die Bybel, gepubliseer in 1611, die term “gees” in hierdie gedeelte gebruik, maar toe die New King James in 1982 uitgekom het, is “gees” met die woord “spook” vertaal. Die meeste ander latere vertalings, insluitend die NIV, ESV , NASB, Amplified, Message, and Good News, gebruik die woord spook in hierdie vers.

Na sy opstanding het Jesus aan sy dissipels verskyn. Weereens was hulle verskrik:

Hulle het geskrik en was bang, want hulle dink hulle sien ‘n spook. Jesus sê vir hulle:

Luk 24:37-39

**1953**

*37Toe het hulle verskrik en baie bang geword en gemeen dat hulle 'n gees sien. 38En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op? 39Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.”*

**KJV**

*37But they were terrified and affrighted, and supposed that they had seen a spirit. 38And he said unto them, Why are ye troubled? and why do thoughts arise in your hearts? 39Behold my hands and my feet, that it is I myself: handle me, and see; for a spirit hath not flesh and bones, as ye see me have.”*

**TPT**

*37While they were still discussing all of this, Jesus suddenly appeared right in front of their eyes! Startled and terrified, the disciples were convinced they were seeing a ghost. Standing there among them he said, “Be at peace. I am the living God. Don’t be afraid. 38Why are you so frightened? Don’t let doubt enter your hearts. 39See my pierced hands and feet. See for yourselves, it is I, standing here alive. Touch me and know that my wounds are real. A spirit does not have a body of flesh and bone as you see that I have.”*

Jesus het nie in spoke geglo nie; Hy het die waarheid geken, maar sy bygelowige apostels het nog in spoke geglo. Toe hulle iets ervaar wat hulle nie kon verstaan nie, het hulle dadelik aanvaar dit was ‘n spook.

Die saak is verder vervaag toe sommige ouer vertalings, “spook” gebruik in plaas van “gees.” Die King James Version verwys na die Heilige Gees.

Joh 19:30 – *“En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.”*

Toe Jesus dan die asyn gekry het, het hy gesê: Dit is klaar. En hy het sy kop gebuig en die gees opgegee.

Die New King James vertaal gees tot gees, insluitend alle verwysings na die Heilige Gees.

**Manifistasie van die spiritisme**

Die Bybel noem ‘n aantal spiritistiese bedrywighede: vanaf die towenaars van Farao en die towenaars en sterrewiggelaars van Ninevé en Babel tot die hekse en mediums van Israel. Die Bybel verdoem hulle almal. Een voorbeeld is die “séance” wat die heks van Endor vir Saul opgetoor het.

Samuel, ‘n Spook, of iets anders?

Koning Saul was besig om te veg teen die Filistyne, maar die HERE het van hom af weggegaan. Saul wou ‘n voorspelling kry oor die uitslag van die geveg, en hy het ‘n medium, die heks van Endor, geraadpleeg. Hy het beveel dat sy die gees van Samuel, die profeet, oproep.

Die Skrif verklaar in 1 Sam 28:6 – “*6En Saul het die Here geraadpleeg, maar die HERE het hom nie geantwoord nie — nie deur drome en nie deur die Urim en nie deur die profete nie.”* dat God dus niks te make gehad met wat by Endor gebeur het nie.

Saul is bedrieg deur ‘n duiwel “*spookagtige figuur*” wat die dooie Samuel nageboots het; hy het nooit die ware Samuel gesien nie. Die heks het die gedaante van ‘n ou man gesien terwyl Saul maar net “begryp” of afgelei het dat dit Samuel was 1 Sam 28:14 – “*14Hy vra haar toe: Hoe is sy voorkoms? En sy antwoord: 'n Ou man kom op met ‘n mantel om. Toe Saul begryp dat dit Samuel is, buig hy met sy aangesig na die aarde toe en val neer.”*

As ons moet glo dat daardie verskynsel waarlik Samuel was, moet ons bereid wees om te glo dat hekse, towenaars, geestesbesweerders, goëlaars, spiritiste of mediums die regverdige dode kan oproep waarheen hulle ook mag gaan as hulle sterwe. Dan moet ons ook aanneem dat die Godvresende Samuel in ‘n bewuste toestand in die aarde bestaan het, omdat die ou man *“uit die aarde opkom”* 1 Sam 28:13 – “*En die koning antwoord haar: Wees nie bevrees nie; maar wat sien jy? En die vrou sê vir Saul: Ek sien 'n bonatuurlike wese uit die aarde opkom.”*

Hierdie “séance” het vir Saul wanhoop gebring en nie hoop nie. Die volgende dag het hy selfmoord gepleeg. 1 Sam. 31:4 - *“En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en deurboor my en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin.”*

Tog het die sogenaamde Samuel voorspel dat Saul en sy seuns op daardie dag by hom sou wees in 1 Sam. 28:19 – *“En die Here sal Israel ook saam met jou in die hand van die Filistyne gee, en môre sal jy met jou seuns by my wees; ook die leër van Israel sal die Here in die hand van die Filistyne gee.”* As hy gelyk gehad het, moet ons aanneem dat die ongehoorsame Saul en die regverdige Samuel na hul dood bymekaar was. Pleks daarvan moet ons aflei dat ‘n bose engel die bedrieglike gebeurtenisse veroorsaak het wat op hierdie “séance” plaasgevind het.

Jes 14:9 – *“Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan.”*

Die boek Jesaja noem twee keer spoke. Geeste van die dooies word geprofeteer om die koning van Babel in die hel te groet.

Jes 29:4 – *“Dan sal jy diep uit die grond spreek, en op dowwe toon sal jou woord uit die stof voortkom; en jou stem sal uit die grond opkom soos dié van die gees van 'n afgestorwene, en uit die stof sal jou woord piep.”*

Jesaja waarsku die volk van Jerusalem van ‘n aankomende aanval van die vyand, alhoewel hy weet sy waarskuwing nie gehoor sal word nie:

# OPSOMMING

Ons voorouers het hulle baie bemoei met spoke en maak ONWETEND hulself skuldig aan 'n bedryf of misdryf om betrokke te raak by okkultiese beweging!

In die Woord van God is die skrif baie duidelikheid vir ons gegee wie of wat 'n spook is.

Dit is onskriftuurlik dat 'n gees nie tot rus kan kom nie.

Term spook:

- Geestelike wesens – ja
- Geestelike gestorwenes – nee

Die Bybel maak dit baie duidelik dat daar geestelike wesens is wat goed en boos is. Die Bybel ontken dat daar daar geeste van gestorwe mense op aarde kan wees en die lewendes agtervolg.

Dit wat die mens se siel/gees na die dood gebeur is die oordeel. Hemel vir die gelowige volgens en hel vir die ongelowiges.

Daar is geen tussenfase nie. Daar bestaan geen moontlikheid om op aarde in die vorm van 'n spook te vertoef nie. Indien daar volgens die Bybel so iets soos spoke is kan hulle onder geen omstandighede ontgaande geeste van gestorwende menslike wesens wees nie.

Die Bybel onderrig baie duidelik dat daar wel geestelike wesens is, wat met ons fisies, wêreld kan kontak maak en ook verskyn, dit is engele en demone.

- Engele is getrou goed en heilig
- Demone is gevalle engele wat boos is en verlei en vernietig

Demone kan as engele van die lig en as mense wat die wil van God doen, manifiseer. Om as spook te verskyn en 'n persoon van gestorwe menslike wese te voorskyn te tref lê in die mag en vermoë van duiwelbesetenheid lê.

Volgens die Bybel is die naaste voorbeeld van agtervolging in Mark 5:1-20

Demone kom nie net om te steel te slag en uit te roei nie, hulle sal enige iets doen om mense te mislei en verlei. Om God se kinders van Hom weg te lei. Demone is boos. En hulle het een doel en dit is om te mislei en daardeur kwaad te bring in ons lewe.

Kom tot waarheid en die waarheid sal jou vry maak.

God se woord moet die maatstaaf (lineal) wees waarmee ons ons lewe meet en nie mense se sienings nie.

Die woord van die Here is duidelik. Hulle kan nie met ons kommunikeer nie. Dit is nie die afgestorwens nie. Dit is niks anders as bose gees nie.

Wanneer iemand vermoor is op wreedaardige manier of motorbotsing is daar geen manier vir daardie persoon om kontak te he met die lewendes nie. God se Woord se so.

Pred 12:7-8 – *"7en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het. 8 Alles tevergeefs, sê die Prediker, dit is alles tevergeefs."*

Jy kan nie meer met die gees van jou ma of pa praat nie, want die gees is nie meer hier nie. Die gees is by God, die Skepper. Daarom is dit net tydverspilling om nog kontak met die voorvadergeeste te soek. Dit is tevergeefs.

Wanneer die Prediker vervolg: alles is tevergeefs, dan beteken dit ook dat dit tevergeefs is om nog met die gestorwenes te verkeer. Daar is geen moontlikheid vir die dooies om die lewendes nog te beïnvloed nie. Daar is dus ook geen rede om hulle te vrees nie.

Prediker sê baie duidelik in Pred 9:6 - "*Hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie*."

Dit beteken dat hulle op geen enkele wyse meer die lewe van hulle kinders of kleinkinders kan beïnvloed nie. Dit is dus tevergeefs om nog kontak met hulle te soek, om nog aan hulle te offer, om nog hulle hulp in te roep by droogte, siekte, misoes en dergelike dinge.

**BIBLIOGRAFIE**


1. Bybel 1933/1953 vertaling
2. Wikipedia die vrye ensiklopedie
3. Sakkie Parsons
4. Christelike Media
5. Bible hub
6. Andrew Wommack
7. Ds Charl van Rooy
8. Prof Francois Malan
9. Ds AE van den Berg
10. Gelofteland
11. Gedagtes vir elke dag
12. Jack Zavada
13. Frederik van der Heever


Nagevors en saamgestel deur Salóme Strydom